


Pragtige Oë wat nie kan sien nie

Cyligramma latona of Uilmot



Is hulle nie nou baie lastig nie, die hordes donker motte, wat saans na die ligte toe kom?? Jy kan nie waag om 'n venster of deur na buite oop te los nie; soos donker spoke sweef hulle in die huis rond, gaan sit in hoeke, in gordyne, agter skilderye, in en onder houers. Nog maande nadat die motplaag verby is, kry jy hulle opgedroog êrens in die huis as jy skoonmaak. Dis nie net die diertjies self wat opgetel en weggegooi moet word nie, nee, hulle verloor die stof van hulle vlerkies as hulle benoud vladder, en dan gaan lê die stof op gordyne, rakke, boeke en orals waar stof gaan lê. **Sowaar, ons huisvrouens hou nie van hulle nie!**

Waar kom die hordes motte dan vandaan en hoekom nie elke jaar nie (GELUKKIG!)? Watter ruspes is hulle s'n? Ek het nie besonder baie van een soort hierdie jaar op die akasiabome gesien nie, maar hoeveel motte is daar nie?! Ook op soek in boeke en die internet het ek niks oor die larwes gekry nie,...ek wonder hoekom, die mot is alom bekend.



By nadere aanskouing sien ons pragtige patrone op die donker dele van die vlerke, Die zigzag-patroon lyk in die sonskyn goudkleurig en dit lyk ook of daar goudstof oor die zigzag-gedeelte gespreinkel is.

Die oogmerke op die motte se vlerke skrik moontlike vyande soos voëltjies af. Omdat voëls kleure **anders** sien as mense, lyk hierdie oogkolle vir hulle baie soos oop oë van roofvoëls. Voëls kan ultra violet-strale sien, en van die kleure op motte se vlerke, veral die van die "oog" word weerkaats en laat skrik die voël. Dit los die mot uit en vlug.

Die vlerke van motte en skoelappers se buitenste lag (bo- en onderkant) kom poeieragtig voor. Eintlik is dit minimal klein skubbe van verskillende kleur en tekstuur wat behulpsaam is met die vliegaksie (lugstroom, temperatuur, bv.) As die poeier afgevrywe word, kan die insek nog vlieg, maar nie meer so perfek nie.

Hierdie uilmotte kom algemeen in bosveldplantegroei indie hele Afrika voor. Die larwes (ruspes) vreet hoofsaaklik akasiablare. Die motte het baie vyande, eintlik alles wat insekte vreet, hou ook van motte: voëls, akkedisse, geitjies, paddas, spinnekoppe en ander spinnekopagtiges, roofinsekte; muishonde, bakoorkalkse en ratels grawe die papies van motte, skoelappers en kewers graag uit.

As jy 'n dooie mot na buite toe in die sonskyn neem en jy draai dit dat die lig in verskillende hoeke op die oogkolle val, dan verkleur die kolle in die lig (Sien die fotobanner bo; ek het nie met die kleurprogram gespeel nie, die fotos is so geneem)

Inligtingsbronne: Insects of South Africa (Mike Picker, Charles Griffiths, Alan Weaving)

www.dailymail.co.uk/sciencetech/article-3030780/Eye-knew-Markings-butterfly-wings-really-mimic-predator-s-gaze.html

<https://www.nwf.org/News-and-Magazines/National-Wildlife/Birds/Archives/2012/Bird-Vision.aspx>

<https://askabiologist.asu.edu/colors-animals-see>

www.sciencefocus.com/qa/whats-powder-moths

Maart 17

Teks en fotos: Anka Eichhoff